**17 Oktober** **Skrifgedeelte: Eksodus 19:1-25**
**Fokusgedeelte: Eksodus 19:5-6**

**As julle my verbond hou, sal julle my eiendom wees**

As die Israeliete hulle kamp regoor die Sinaiberg opslaan, herinner die Here deur Moses die volk hoe Hy hulle op arendsvlerke tot hiertoe gedra het. Waarom? Om hier ’n verbond met hulle te sluit. Dit is egter ’n *voorwaardelike verbond*: “As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees” (vs 5-6).

Die vraag word dikwels gestel waarom die Here juis Israel as sy volk uitverkies het. Definitief nie omdat hulle so wonderlik was nie! Al het hulle vir Moses soos een man gesê: “Alles wat die Here gesê het, sal ons doen” (vs 19:8), was dit nie altyd so nie. Waarom wou die Here dan juis ’n spesiale volk op aarde hê? Om *deur hulle* die verlossing na die wêreld te bring, en dit *het werklikheid geword* met die geboorte van ons Here Jesus Christus. Volgens die Nuwe Testament is ons as Christene deel van die volk van God deur die verlossing van Christus (Ef 1:13, 14).

Onthou net! Die verbond van God met die volk op die berg Sinai kom met ’n eis. Ons mag nie meer leef soos ons wil nie. O nee! Ons moet leef volgens die eis van die Tien Gebooie wat God op Sinai gegee het (Eks 20). Daartoe is ons in staat deur die krag van die Heilige Gees!

*Sing: Psalm 105:5* *Dr. CJ Malan (Emeritus)*